e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

12 April 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 10

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Die vas wat Ek wil hê...

Is die vas wat Ek wil hê, nie dít nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek? Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou brood gee nie, dat jy aan die armes en die dakloses 'n blyplek gee nie, dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie? **(Jesaja 58: 6-7)**

In ou Israel was die vas 'n godsdienstige (kultiese) ritueel. By die godsdienste van die omliggende volke was die gebruik ook bekend, waar dit die doel gehad het om die godheid te oortuig (manipuleer) om te doen wat jy wil hê hy/sy/dit moet vir jou doen. Vir ou Israel was die doel daarmee om berou te toon sodat sondes vergewe kan word. Daardeur het jy ook jou toewyding aan God bewys en bely dat jy van Hom afhanklik is.

In Jesaja gee God egter vir ons 'n belangrike perspektief op toewyding aan Hom: om ons medemens te help en nie aan sy/haar lot oor te laat nie. Toewyding aan God gaan dus nie bloot oor godsdienstige of kultiese rituele nie, maar eerder oor diens aan jou medemens. En belangrik: dit vra iets van ons. Jy moet van *jou* brood gee. Die 1953-vertaling sê dit mooi: *...dat jy jou brood breek vir hom wat honger het.*

Miskien is dit makliker om jouself te weerhou van iets, as om dit vir iemand anders te gee. Immers, as jy iets van jouself weerhou, het jy dit nog vir latere gebruik. Maar as jy dit vir iemand anders *gee*, is dit weg – jy het dit nie meer nie! Dit druis heeltemal in teen ons tydgees van materialisme en individualisme. Maar is dit nie juis wat God wil hê nie? Dat ons minder op onsself sal fokus, en meer op ons medemens?

Om in Christus se voetspore te volg, vra van ons om nie net aan onsself te dink nie, maar aan ons medemens – ons naaste. En Jesus het ons juis kom leer hoe om dit te doen. Op 'n dag was al kos wat Hy en sy dissipels by hulle gehad het, vyf brode en twee visse – en toe deel Jesus dit vir die menigte mense uit. Eers het hulle gegee, en toe het die wonder plaasgevind! In Filippense 2: 7 lees ons: *Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem...* Op 'n dag het Jesus sy waardigheid as Rabbi prysgegee en 'n slaaf se werk gedoen deur sy dissipels se voete te was. En nog soveel meer het Jesus nie aan sy lewe probeer vashou nie, maar sy liggaam en bloed gegee vir sy medemens, sodat ons nie aan ons lot oorgelaat sal wees nie...

As ons God se Woord van 2 500 jaar gelede vandag opnuut hoor, is die vas wat God wil hê, om barmhartig te lewe. Om nie vir onsself te probeer hou nie, maar om te *deel*. Om nie net godsdienstig te wees nie, maar om – in Christus se voetspore – barmhartig te lewe. In die voetspore van die Groot Diaken, wat nie gekom het *...om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.*

Ds Gerhard Stoltz
Sekretaris: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Henk Calitz

Ds Gerhard Stoltz

Beroep ontvang

- **Ds Henk Calitz** van Carletonville (deeltyds) na Carletonville (volsorg)
- **Ds Gerhard Stoltz** (Sinodaal) na Hartebeeshoek

Beroep aanvaar

- **Ds Maryka Potgieter** van Swartkop (benoeming) na Rooihuiskraal (deeltyds)
- **Ds Henk Calitz** van Carletonville (deeltyds) na Carletonville (volsorg)
- **Ds Herman Meyer** van Jeffreysbaai na Steelpoort

Beroep bedank

- **Ds Gerhard Stoltz** (Sinodaal) na Hartebeeshoek
- **Ds Lammert van Rooyen** van Leeudoringstad/Makwassie na Pietermaritzburg (deelsorg)

Ds Maryka Potgieter

Ds Herman Meyer

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

Prof Wouter en Ierene van Wyk

- Baie geluk aan **prof Wouter en Ierene van Wyk** wat hul 50ste huweliksherdenking op Saterdag 14 April vier.

- Op versoek van die Komitee vir Ouderlinge en in opdrag van die Ringsvergadering van 2011 het die **ring van Germiston** op 29 Maart die ouderlinge van die nege gemeentes in die ring in Gemeente Alberton se kerkgebou byeengebring om 'n Ringskomitee vir Ouderlinge vir die ring van Germiston van stapel te stuur. Ds Jan Kramer het die bespreking gefasiliteer, en 'n bestuur vir die nuwe Ringskomitee is gekies. **Op die foto hiernaas is die bestuurslede:** voor sit oudle Yvonne Grobler en Hantie Dreyer, en agter staan Seun Breytenbach, Dries Kolver, Daan Grobler (voorsitter) en Theunis du Toit.

Bestuur van Germiston se Ringskomitee vir Ouderlinge

- Die drie artikels oor Josef wat as agtergrond dien vir ***Konteks*-Bybelvasvra 2012** het in die Maart 2012-, April 2012- en Mei 2012-uitgawe van *Konteks* verskyn. Dit is ook geplaas op *Konteks* se webwerf. Deelnemers kan dit dus vind by **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → Konteks-Bybelvasvra 2012. Inligting oor die reëlings en tydsverloop van vanjaar se Vasvra sal binnekort op dieselfde webblad beskikbaar wees.

- **Die RDV Noordelike Pretoria** bied die **Reistaskursus vir diakens, diensgroepwerkers** en ander belangstellendes aan op **Vrydag 25 Mei** vanaf 19:00 en **Saterdag 26 Mei** vanaf 08:00 by Gemeente Montana, Jan Bantjiesstraat. Die koste is R100 per persoon, en betalings kan gemaak word aan die RDV Noordelike Pretoria, ABSA Sinoville, tjekrekening 405 031 6934. Navrae en besprekings by Daleen Smith by 073 229 3814 of **dsmith@webmail.co.za**, of Esmé Taljaard by 087 802 1109.

- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)** van 2012 vind plaas op **5 en 6 Junie**, en op **6 en 7 November**. Die tema is *Missionale Diakonaat.*

Saam in diens met verstand, hart en hand. Dit vind plaas by Gemeente Wapadrant. Die koste is **R320** per persoon. Predikante wat die VTT **in Junie** wil bywoon, moet mev Betsie Brits **voor 18 Mei** per e-pos (**betsie.brits@up.ac.za**) of per faks (012 420 4303) in kennis stel. Die registrasiefooi moet verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito inbetaal word, in die volgende rekening: Kerkgeld vir Kerkwerk; ABSA; rekening nr 020 149 752; kode 63 20 05; verwysing 2013K VTT (gevolg deur die naam van die kursusganger).

- Die verslag van die **Teologiese Opleidingsfonds** en die bydraes van gemeentes in elke ring word nou uitgestuur aan ringe vir die agenda van ringsvergaderings. Skribas wat die verslag nie ontvang nie, moet **dr Barry van Wyk** asseblief by **bvw@vodamail.co.za** laat weet of by **mev Karen Breedt** by **karen@nhk.co.za** navraag doen. Gemeentes word ook by voorbaat herinner dat **Sondae 29 Julie en 5 Augustus** se deurkollektes vanjaar aan die Fonds afgestaan word.

- **GELOWIGE GESINNE GESPREK. Ouerskap: Liefde is eerste.** Op ’n dag, aan die einde van sy lewe, het Moses met die ouers van Israel gepraat: *Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.* ***Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.*** *Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet ’n merk op jou voorkop wees. Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte* (Deut 6: 4-9). **Liefde van ouers.** Moses anker elke gesin met die belydenis: *Die Here is ons God, Hy is die enigste Here*. Die reaksie van ouers behoort ’n liefdesreaksie te wees: *liefde vir God met hart en siel, al jou krag.* Die eerste en belangrikste vraag wat ouers vir hulself moet beantwoord, is: *Het ek die Here lief? Met my hele hart en siel, met al my krag?* Die woord *liefde* is nie primêr ’n emosie of ’n warm gevoel om die hart nie. Liefde vir God is ’n gerigtheid op Hom, ’n lojaliteit, ’n oorgawe, ’n gehoorsaamheid, ’n lewe van geloof, hoop en liefde. Ons kan en moet nog baie hieroor sê, maar vir nou is die punt duidelik: My en my gesin se lewe is gerig op God. *Vertrou die verlede toe aan God se genade, die hede aan God se liefde en die toekoms aan God se voorsienigheid* (Augustinus).

  Die **Besprekingsbundel, asook die hele Powerpoint-aanbieding,** van die Gelowige Gesinne Gesprek wat op 11 Februarie by Gemeente Montana plaasgevind het, is op ’n geheuestokkie beskikbaar vir gebruik in gesinne en gemeentes. Dit kos **R100 per geheuestokkie** en kan van Gemeente Montana bestel word. Gemeente Montana Kerkkantoor 012 567 1753 / 087 802 1109; ds Danie van der Watt 082 572 4855; ds Thinus van Staden 084 589 7035.

- **Gemeente Chrissiesmeer** word **120 jaar oud op 6 April 2012**. Enigeen wat beskik oor foto’s, inligting en vertellings kan die skriba, Theuns van de Vyver, kontak by 072 376 1403 of **theunsvdv@vodamail.co.za**.

- **Gemeente Eendracht** word op 20 April **95 jaar oud**
  Vrydag 20 April 18:30: Inwyding van nuwe opgegradeerde saalkompleks
  Optrede van Jammies Jamneck
  Kaas-en-wyn-geleentheid met kinderhoekie
  Kaartjies R100 per persoon (kaartjies beperk)
  Saterdag 21 April vanaf 10:00: Spesiale 95ste basaar
  Tema: *95 jaar gelede*
  Uitstalling van ou motors en nuwe sportmotors
  Sondag 22 April 09:00: Dankseggingsdiens
  Skakel mev Madeleine Smuts weeksdae 09:00-12:00 by 017 683 0067
  of ds Werner Olivier by 082 412 7144

- **Gemeente Piet Retief** is gestig op 17 Augustus 1912 en vier vanjaar hul **eeufees**. Die volledige program vir die naweek van **17-19 Augustus** sal mettertyd bekend

wees. Alle lidmate wat voorheen aan die gemeente verbonde was, word versoek om vertellings, foto's en ander gedenkwaardighede wat meer van die geskiedenis vertel, beskikbaar te stel, al is dit net betroubare afdrukke van vorige feesprogramme. Almal word ook uitgenooi om die naweek van 17-19 Augustus aan die verrigtinge deel te neem. Dit sal 'n **dankdiens** op Vrydag 17 Augustus en 'n **basaar** die Saterdag insluit. Skakel Jan Venter by 082 925 3951 of 017 826 3604.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik steeds oor 'n vakature vir 'n **orrelis.** Stuur aansoeke aan mev Sarie van den Berg by **marikana@nhk.co.za**, of kontak haar by 083 654 0626.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

Spesiale eredienste

- **Gemeente Secunda: Dankdiens en Nagmaal**
  Sondag 15 April
  Na inwyding van saal en jeugkompleks (sien basaarinligting bladsy 7)
  Skakel 017 631 2796 (Ma-Do 09:00-13:00) vir meer inligting

- **Gemeente Verwoerdburg: 50-jaar ampsjubileum ds AJ Zwarts**
  Sondag 22 April om 09:00
  Gelukwense deur ds Dries Beukes namens Kommissie van die AKV

- **Gemeente Wolmaransstad: Viering van 120ste verjaardag**
  Sondag 22 April om 09:30
  Na erediens: Prof Andries Raath oor Siener van Rensburg as kerk- en volksman
  Siener van Rensburg was lank ouderling op Wolmaransstad
  Skakel gemeentelike kantoor by 018 596 1536 / 076 041 1296
  as u die ete gaan bywoon

- **Gemeente Bronkhorstspruit: Eeufeesviering**
  Sondag 22 April om 09:00
  Kerkgebou vanjaar 100 jaar oud
  Erediens en ete daarna
  Alle oudlidmate welkom
  Laat weet Gerda by 013 932 2929 (Di-Do 08:00-16:00) as u gaan bywoon

- **Gemeente Kruin: 25-jaar-viering vir ds Kobus Pienaar**
  Sondag 13 Mei
  Gelukwense deur oudl Pieter de Bruyn van die Kommissie van die AKV
  Navrae aan **nhkkruin@gmail.com**

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 20 April, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 12 April: Ds Paul Janse van Rensburg (Primrose)
  - Vrydag 13 April: Prof Alex Antonites (emeritus), di Theuns Botha (emeritus), Nardus Enslin (Rustenburg-Kloof) en Gerrie Grobler (emeritus)
  - Saterdag 14 April: Di Hans Britz (Kuruman-kombinasie), James Jooste (Groeneweide) en prop Rue Hopley (beroepafwagtend)
  - Sondag 15 April: Dr Hannes Beukes (Bethal) en ds Wessel Swart

(Klerksdorp-Wilkoppies)
- Maandag 16 April: Ds Gerhard Stoltz (Sinodaal)
- Woensdag 18 April: Ds Jan Kramer (Elsburg)
- Donderdag 19 April: Di Henk Calitz (Carletonville), Pierre Jacobs (beroepafwagend) en Tinus Swart (Petrusburg)

Beplande vergaderings

- Vrydag 13 April: Kommissie van die AKV
- Saterdag 14 April: RDV Bothaville
  RDV Chrissiesmeer
  RDV Johannesburg
  RDV Pietermaritzburg
- Woensdag 18 April: Finkom van die Ondersteuningsraad
  Finkom van die Kinderhuise
  Sekunduskommissie van die AKV
- Donderdag 19 April: Werkwinkel van die Ondersteuningsraad
  Sekunduskommissie van die AKV
  Komitee vir Bybelverspreiding

Beskikbare behuising

- **Behuising vir senior burgers:** Kom geniet 'n rustige aftrede op die platteland **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys** het die volgende behuising beskikbaar:
  - 3 kamers met gedeelde geriewe – bejaardes moet gesond en selfversorgend wees
  - 2 beddens in 4-bed-kamer met 24-uur-versorging vir verswakte bejaardes

  Kontak matrone Botha by 056 811 2185

Konserte en feeste

- **Saterdag 14 April: NHSV Losberg in Fochville**
  Griekse aand met Yoti die Griekse Boertjie
  In die Burgersentrum
  R100 vir volwassenes, R50 vir laerskoolkinders
  Kontak Sannietjie Boshoff by 018 771 2617

- **Sondag 3 Junie om 15:00: Gemeente Nelspruit**
  Songs of Praise
  Met Richard Cock
  Kerkgebou, Belladonnastraat 120, Nelspruit
  Toegang R75
  Bespreek by kerkkantoor (013 741 1455), kaartjies ook by deur beskikbaar
  Navrae by 082 460 8252

Ons lewer uitstekende diens teen billike tariewe. Troupakkette vanaf R4 500 vir 2 fotograwe.

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 21 April: Gemeente Mafeking: Gholfdag**
  Plek: Leopardpark Gholfklub
  Formaat: *Betterball Scramble Drive*
  Inskrywings: R180 per speler (sluit ete in)
  Meer as R12 000 in prysgeld!
  Navrae: Leon van der Westhuizen (082 300 4947)
  of Chris Muller (074 176 8457)

- **Saterdag 21 April: RDV Laeveld: Gholfdag**
  In die mooi omgewing van Tzaneen
  Skakel Hendrik van Schalkwyk by 082 443 3864

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Potchefstroom Die Wilge: Vleisverkoping**
  Aanbod aan gemeentes in Pretoria
  Maalvleis: R51/kg
  Wors: R53/kg
  Afleweringsdatum: **Donderdag 26 April om 11:00**
  By Gemeente Theresapark
  Bestellings per gemeente moet bó 5 kg wees
  Maalvleis en wors sal in 500 g gevriesde verpakkings gelewer word
  Plaas u bestellings vóór of op Donderdag 12 April
  by die gemeentelike kerkkantoor (018 297 4394)
  (Di en Do van 8:00-13:00)

- **Gemeente Tzaneen: Groot 3-kompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei 2012
  Kaartjies R50
  Wen een van 3 groot pryse
  Geborg deur FNB Tzaneen,
  AMC Classic se plaaslike agent, Ria Lourens (083 727 3951),
  VW Lannie Motors Tzaneen,
  en skenkings van lidmate en weldoeners
  Pryse vir jagters, kokke én tekno's!
  Prys 1: Jagnaweek in die Waterpoort, 1 eland, 1 koedoe, 1 rooibok
  Prys 2: AMC Classic kookstel, waarde R15 000
  Prys 3: iPad ter waarde van R6 500
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508
  of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514

- **Gemeente Philadelphia: Fietstoer 2012**
  Julievakansie
  31ste jaarlikse fietstoer van die studentegemeente
  40 studente ry vir 15 dae fiets om fondse in te samel vir liefdadigheid
  Begin in Pretoria, dan na Gemeente Kempton Park-Oos
  Hulle was vensters, dra inkopiesakkies, dans, sing, lê voor mense se motors...
  Enigiets wat jou laat lag en laat bydra
  Borge baie welkom!

  30 Junie Pretoria
  1 Julie Kempton Park
  2 Julie Drie Riviere
  3 Julie Vanderbijlpark
  4 Julie Sasolburg
  5 Julie Parys
  6 Julie Toernaweek
  9 Julie Welkom
  10 Julie Wolmaransstad

11 Julie Klerksdorp
12 Julie Potchefstroom
13 Julie Krugersdorp
14 Julie Pretoria

Navrae? Borgskappe? Wil jy saam kom fietstrap?
Kontak Fanie Willers (toerleier): **fanie.willers@gmail.com** of 072 494 8735
Lizaan Britz (ondertoerleier/bemarking): **lizaanbritz8@gmail.com**
of 076 315 4218
E-pos: **philadelphia@nhk.co.za**. Webwerf: **www.philadelphia.co.za**

- **AMANZIMTOTI**
  Luukse vakansiewoonstel te huur
  Reg op hoofstrand, met swembad
  2 slaapkamers (6 beddens)
  3 badkamers, luukse kombuis, DStv
  24-uur-sekuriteit, onderdakparkering
  Loopafstand van alles
  Vanaf R340 per dag
  Skakel 014 736 5149 (w) of 072 209 8809

Basaars en markte

- **Saterdag 14 April vanaf 09:00: Gemeente Secunda**
  Ingebruikneming van saal en jeugkompleks
  Lintknipseremonie en minibasaar
  Oudlidmate en belangstellendes welkom
  Vanaf 16:00 osbraai
  Verwittig sekretaresse by 017 631 2796 (Ma-Do 09:00-13:00) as u gaan bywoon

- **Woensdag 18, Donderdag 19 en Vrydag 20 April: Gemeente Vryburg**
  Gemeente beman 'n skoustalletjie
  Benodig 120 sakkies aartappels en 40 sakkies uie
  Is daar 'n groenteboer wat kan help?
  Asseblief teen 'n goeie prys of dalk as skenking
  Kontak ds Jasper van der Westhuizen by 083 415 2555 of 053 927 1379
  of **jpcvdw@lantic.net**

- **Saterdag 21 April: Gemeente Koster: Minibasaar**
  07:30 tot 14:00 op kerkterrein
  Vermaak vir groot en klein
  Plaasontbyt, teetuin, vleis, tuisgebak, ens
  Navrae aan **elmie@bafokeng.com**

- **Dinsdag 1 Mei: Gemeente Potchefstroom: Noordwes Motorskou**
  Op Kerkplein in Potchefstroom van 07:00 tot 15:00
  20ste keer!
  Meer as 350 ou motors, talle vlooimarkstalletjies
  Kosstalletjies met heerlike kos
  Toegang R15 per persoon
  Kontak ds Willem Kok by 083 664 0058

- **Dinsdag 1 Mei: Gemeente Vaalharts**
  Vaalharts-kontreifees
  In Hartswater, Noord-Kaap
  Marathon en halfmarathon
  Bergfietswedren: 30 km en 60 km
  Kontak Riaan Esterhuizen by 082 453 6889
  Jagkompetisie: Trekking 1 Mei tydens fees
  1ste prys: 1 waterbokbul, rooihartbeesbul, 2 springbokke en 1 rooibok

2de prys: 1 gemsbokbul, 2 springbokke en 2 rooibokke
3de prys: 1 blouwildebeesbul, 2 springbokke en 1 rooibok
4de prys: Naweek vir 'n gesin op 'n wildplaas – selfsorg
Wildplaas in Hartswater-omgewing
Jagters: Geen dagfooie; selfsorg
Slegs 500 kaartjies beskikbaar teen R200 elk
Kontak Gerrit Staats by 082 414 9643

- **Vrydag 4 Mei vanaf 17:00 en Saterdag 5 Mei vanaf 08:00**
  Gemeente Wonderboom-Suid: Basaar
  10de laan 920
  Heerlike eetgoed en baie kuier!
  Privaatstalletjies beskikbaar teen R50
  Kontak Daleen Smith by 073 229 3814 of **dsmith@webmail.co.za**

- **Saterdag 5 Mei: Gemeente Greylingstad: Basaar**
  Geniet die gasvryheid van die platteland
  Vars vleis, biltong, braaivleis, pannekoek, nagereg, tuisgebak...
  Navrae aan Elize van Jaarsveld by 017 778 0921

- **Vrydag 25 Mei: Gemeente Klerksdorp-Doringkruin**
  Basaar en kontantfondsinsameling
  Kaartjieverkope met pryse te wen
  Kaartjies R10 – koop boekie met 25 kaartjies teen R200
  en kry laaste 5 kaartjies gratis
  Trekking 25 Mei tydens basaar
  1ste prys: R10 000 kontant
  2de prys: 5 kg maalvleis, 5 kg wors en 2 kg biltong
  Persoon wat wenkaartjie verkoop, kry R1 500 kontant of 'n slagskaap
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 018 468 5545
  of oudl Roenie van Zyl by 082 458 1257

ANDER NUUS

- **VAKATURE: Rekenmeester (kontrakaanstelling van 2 tot 3 jaar)**
  Die Sinodale Kantoor van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nooi geskikte kandidate om aansoek te doen.

  Minimumvereistes
  - BCom of gelykwaardige kwalifikasie.
  - 5 jaar toepaslike ervaring.
  - Rekenaarvaardigheid in *Microsoft Office*.
  - Bestuursvaardigheid met *Accpac* en *Pastel* uitset wat die ontwikkeling en interpretasie van bestuursinligting insluit.
  - Werkbare kennis van toepaslike wetgewing, byvoorbeeld NKW, WBTI en Inkomstebelasting.

- Uitstekende kommunikasievaardighede in ’n verskeidenheid situasies en voorleggings.
- Geldige rybewys.

Dit word van die kandidaat verwag om as spanlid te funksioneer en, in die besonder, binne die etos van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika tuis te voel. ’n Onderhandelbare vergoedingspakket wat verpligte lidmaatskap aan die personeelpensioenfonds en mediese fonds insluit, word aangebied.

Sluitingsdatum vir aansoeke is 16 April 2012. Rig volledige CV aan:
Afdeling Mannekrag
Mev Susan Moore
Posbus 2368
Pretoria 0001
mannekrag@nhk.co.za
012 322 8885
Faks: 012 322 7909

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURES**
  Daar is tans poste vir gekwalifiseerde Maatskaplike Werkers by:
  - Brakpan
  - Krugersdorp
  - Potchefstroom
  - Vanderbijlpark.

  By die Pretoria- en Lydenburg-kantoor is poste vir Afrikaanssprekende, gekwalifiseerde Hulp-maatskaplike-werkers wat oor ’n geldige rybewys beskik. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **BYBELGENOOTSKAP**
  Word Riders besoek Noord-Kaap
  Saterdag 14 April
  Motorfietsryers uit Bloemfontein vertrek op reis deur Noord-Kaap
  Besoek skole in minderbevoorregte dele
  Deel Bybels uit aan graad 7-leerlinge
  Kontak Bybelgenootskap by **biblia@biblesociety.co.za** om betrokke te raak

- **TOIBO: Transvalia 40-jaar-reünie**
  Saterdag 5 Mei 10:00-16:00
  Transvalia-skool vir Epileptici en Leergestremdheid
  R120 per persoon, R20 vir kinders onder 12 jaar
  Middagete, uitstallings, opvoering deur huidige leerders, kindervermaak
  Skakel skoolkantoor voor 20 April by 012 800 1071
  en laat weet hoeveel persone reünie gaan bywoon
  Inbetaling by bank of per internet
  Merk betaling duidelik met jou naam en die woord REÜNIE
  ABSA Derdepoort, takkode 33-52-45
  Tjekrekening nommer 1430-840-203
  Alle oudleerders en/of -onderwysers baie welkom
  Kontak Arina Jooste by 012 320 7644 of 082 560 5213

- **ADVERTENSIES waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of ’n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as ’n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van

betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R150 per plasing. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies, ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287, Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

AGTERBLAD

Die hemelvaart van Jesus

Die Mei 2012-uitgawe van *Die Hervormer* word tans gefinaliseer, en bied weer heelwat stof tot nadenke.

Jesus se geboorte, lyding, kruisiging, begrafnis, opstanding en hemelvaart, asook sy terugkoms, word nie in die Twaalf Artikels bely as die een na die ander episode in die biografie van Jesus van Nasaret nie. Hierdie belydenisgeskrif is nie ’n biografie nie. Dié geloofsbelydenisse oor Jesus Christus betuig die één verlossingsdaad van God. Só het God gewys hoe lief Hy die wêreld het. In swakheid lê krag. In vernedering lê verhoging. Lees meer hieroor in die Mei-uitgawe.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika reageer op skrywes wat per e-pos die rondte doen wat mense versoek om teen die Afrikaanse Bybelvertaling wat tans onderneem word, op te tree. Die Bybelgenootskap betreur die manier waarop hierdie werk, wat in opdrag en in noue samewerking met die Afrikaanse kerke gedoen word, deur oningeligte en onwaar stellings verdag gemaak word. Besoek asseblief die webtuiste van hierdie vertaling **www.nuwekerkbybel.co.za** vir die korrekte inligting.

Hoe lees ons die Bybel? Moet die Bybelleser nie kennis neem van die historiese afstand tussen die teks en leser, die genre en retoriek van ’n teks, asook die verskil tussen kulturele kontekste nie? Die Bybelteks is immers nie in die eerste plek vir ons as moderne lesers geskryf nie, maar vir ’n leser (hoorder) wat deel was van ’n ander historiese en kulturele bedding. Lees die onderskeie menings van twee invloedryke teoloë van die Hervormde Kerk.

Lees ook oor die 170-jaar-viering van Gemeente Potchefstroom, die entoesiastiese fondsinsameling van die Philadelphia-studente, en ds Tony Simpson wat nou finaal uittree na bykans 38 jaar vrywillige diens by die Bybelgenootskap.

*** Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za** om vir 2012 in te teken en 11 uitgawes teen R100 te ontvang. Besoek **www.hervomer.co.za** en lees wat in uitgawes sedert Januarie/Februarie 2008 verskyn het.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx